

---

# Fasilitasie Verslag: SARAO en SANPARKS

## Publieke Deelname Proses: Samevattende verslag

April 2018

---

### **Vorberei vir:**

Mev. Alice Pienaar Marais – SARAO

And Mnr. André Spies - SANParke

### **Datum:**

30 Mei 2018

### **Vorbey deur:**

Christian F Gerhardt

NCC Environmental Services

T • 021 702 2884

E • info@ncc-group.co.za



## TABLE OF CONTENTS

<b>1</b>	<b>UITVOERENDE OPSOMMING.....</b>	<b>3</b>
<b>2</b>	<b>INLEIDING.....</b>	<b>4</b>
<b>3</b>	<b>AGTERGROND EN DOEL VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES.....</b>	<b>5</b>
<b>4</b>	<b>BEKOMMERNISSE EN UITDAGINGS EN IMPLIKASIES OP DIE GEWENSTE STAAT .....</b>	<b>6</b>
<b>5</b>	<b>SPEZIALE EIENSKAPPE .....</b>	<b>8</b>
<b>6</b>	<b>SLOTSOM.....</b>	<b>10</b>

## 1 UITVOERENDE OPSOMMING

'n Startegiese Omgewings Assesserings (SOA) proses was deur die Suid Afrikaanse Radio Astronomie Sterrewag (SARAO) onderneem waarin 'n Geïntegreerde Omgewings Bestuursplan (GOBP) geskryf was. Huidiglik is SARAO steeds in die proses om toestemming te bekom vir die GOBP van die Department van Omgewingsake. Die SOA was deur die Minister van Omgewingsake vir kommentaar gepubliseer en alle kommentaar sal ingesluit word in 'n gekorigeerde SOA verslag wat dan deur die Minister vir goedkeuring oorweeg word. Die GOBP stipuleer dat SARAO 'n landsbestuurder moet aanstel om die omgewings apekte van die SKA area te bestuur. Dit word voorgestel dat die Suid Afrikanse Nasionale Parke (SANParke) hierdie land bestuurs funksie moet vervul.

'n Park Bestuurs Plan moet deur SANParke opgestel vir 'n Nasionale Park as deel van die voorgesrewe proses in die Nasionale Omgewings Bestuurs: Beskermede Area Wet. As deel van die publieke deelname proses was n reeks werkswinkels gehou in Williston, Brandvlei en Carnarvon.

Die volgende items was deur die werkswinkel bespreek:

- Bekommernisse en vrae van die gemeenskap oor die Nasionale Park deur die belanghebbende partye.
- Toekomstige bestuurs voostelle in terme van die voorgestelde Nasionale Park in terme van 'n voorgestelde begeerlikheid rondom Park bestuur.
- Die risiko's verbonde aan die proklamasie van die voorgestelde Nasionale Park.
- Spesiale eienskappe wat die voorgestelde Nasionale Park en die omliggende omgewing uniek maak.

Die items wat in die werkswinkel geadreseer was is in die verslag ingesluit. Die verslag sal deur SANParke gebruik word vir doelwit skepping wat dan in die plan ingesluit word.

## 2 INLEIDING

'n reeks Werkswinkels was tussen die 24<sup>ste</sup> tot 26<sup>ste</sup> April 2018 gehou in Williston, Brandvlei en Carnarvon as deel van 'n publieke deelname proses om 'n National Park Bestuurplan te skryf. Die Nasionale Park Bestuur Plan is 'n wetlik vereiste vir die voorgestelde Nasionale Park. Die opstel van 'n Park Bestuursplan is 'n wetlike vereiste vir alle Nasionale Parke in Suid Afrika. Die werkswinkel mik daarna om met belanghebbendes sleutel kwessies te bespreek sodat die inligting wat verky word gebruik kan word om die gewenste staat van die park te ontwikkel.

Dit was duidelik dat sommige van die besprekings punte wat tydens die werkswinkel reeks onder die aandag van die panel gebring was deur die deelnemers algemeen voorgekom het in al drie of twee van die werksinkels. Hierdie punte was meestal as bekommernisse uitgewys deur die deelnemers. Die punte wat onder die aandag gebring was, is as volg:

- Moontlike heining spesifikasie tekortkominge met btrekking tot problem dier beheer.
- Die moontlike vermeerdering van problem diere binne die voorgestelde Nasionale Park.
- Die impak van sterftes op produksie vee as gevolg van die moontlike probleem dier bevolkings groei.
- Ekonomiese impak en implikasies weens hoër vee verlies.
- Werskepping en ekonomiese opheffingvan die omliggende gemeenskappe
- Toerisme moontlikhede wat die plaaslike gemeenskap en SANParke sal bevoordeel.

Sommige van die uikomstes van die werskwinkels was:

- 'n vergadering gaan met die naburige eieinaars gehou word met btrekking tot die heining spesifikasie.
- terug kerende vergadering gaan in Carnavorn gehou word in terme van die versoek gerig deur die spesifieke werkswinkel.
- Inligting wat tydens die werks winkels gehef was gaan gebruik word vir die doelwit stelling in die Nasionale Park Bestuurs Plan om die gewenste staat daar te stel.

Elke punt van bespreking wat in werksinkels geopper was gaan in 'n werkswinkel verlag aangeteken word. Daar sal individuele verslae vir die verskillende werksinkels geskryf word asook 'n samevattende verslag. Hierdie verslae sal aan SANParke oorhandig word om as inligting te dien vir die Park Bestuurs Plan.

### 3 AGTERGROND EN DOEL VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES

'n Kort agtergrond oor die geskiedenis van die SKA projek asook die huidige stand van sake was deur SARAO aan die werkwinkel groep oorgedra.

SARAO was vereis om 'n omgewings assessering van die konstruksie van die SKA fase 1 projek te doen ten einde nakoming van die omgewings wetgewing te verseker. Die status van die projek as 'n Spesiale Infrastruktuur Projek(SIP) en die geografiese groter van die projek area het gelei tot 'n Strategiese Omgewings Assesserings (SOA) proses(een van die maniere beskikbaar vir die onderneming van 'omgewings assessering). Die WNNR was aangestel om die SOA te onderneem en die uitkomst van die SOA was 'n Geïntegreerde Omgewings Bestuursplan (GOBP). Die GOBP bevat die bestuurs uitkomst en aktiwiteite waaraan nagekom moet word om korrekte omgewings bestuur van die area te verseker.

Dit is die bedoeling om die SKA kern area as 'n Nasionale Park in terme van die Nasionale Omgewings Bestuurs: Beskermdes Areas Wet (Wet 57 van 2003) te verklaar. Dit word in die vooruitsig gestel dat SANParke as die Land Bestuur Gesag deur die Nasionale Navorsingstigting aangestel gaan word om die area in terme van Die Nasionale Omgewings Bestuurs: Beskermdes Areas Wet te bestuur. SANParke sal verantwoordelik wees vir ontwikkeling van 'n betuursplan. Deel van die beplannings proses is om die belanghebbendes in 'n publieke deelname proses betrokke te kry om die gewenste staat in vooruitsig te stel. Die beplannings fase is 'n stapswyse fase en die doel van die beplanning proses deur SANParke is om die belanghebbende partye in te sluit in 'n meer tegniese beplannings proses. Daar is egter 'n breër doel met die deelname proses en dit is om verhoudings te smee met die publiek wat sal lei tot volhoubare en samewerkende bande rondom goeie verstandhouding van ondersteuning en legitimiteit. Die deelname was gemik op 'n stel doelwit gedrewe besprekings wat as volg aan die werkwinkel voorgestel was:

- Die identifisering van uitdagings en risiko's deur die plaaslike gemeenskap;
- die identifisering en bespreking van spesiale eienskappe van die area; en
- die gewenste staat van die voorgestelde Nasionale Park

## 4 BEKOMMERNISSE EN UITDAGINGS ENIMPLIKASIES OP DIE GEWENSTE STAAT

Gedurende al drie werkwinkels het die deelnemers punte tot die aandag van die werkwinkel gebring in terme van bekommernisse en uitdagings wat hulle met die stigting van die park assosieer. Hierdie punte wat bespreek was het sekere bestuurs implikasies met betrekking to die Nasionale Park se gewenste staat. Al die gedetailleerde besprekings opsommings vir die individuele werkwinkels is aangeheg tot hierdie verslag en kan na verwys word.

Tabel 1: Punte wat in die publieke deelname gelig was

Punte uitgewys	Die gewenste staat bestuurs implikasies
Kommunikasie: bekommernisse was uitgewys oor die konsekwensie van kommunikasie.	Verseker gereelde, konsekwente, duidelike en eerlike kommunikasie tussen SANParke, SARAO en belanghebbendes geskied.
Problemasie van die Nasionale Park: Deelnemers het gewys daarop dat hulle nie bewus was dat 'n Nasionale Park geproklameer gaan word nie en dat hulle as gemeenskap nie daarvoor gekonsulteer oor hulle seining/gevoel van 'n Nasionale Park nie.	Om publieke deelname te hou deur die Nasionale Park beplannings fase vir die aansoek tot problemasie.
Heining: Naburige eiendoms eienaars moet gekonsulteer word oor heining spesifikasies vir problem dier beheer.	Die konstruksie van die heining moet in konstante konsultasie met die naburige grond eienaars gehou word.  Gerbuik plaaslike kennis en ondervinding met die speifikasie en bou van die heining.  Help met die bestuur en onderhoud van die heining om die beweging van probleem diere te beheer na naburige plase.
Predator beheer: Daar is 'n bekommernis dat karnivoor getalle dramaties sal verhoog in die Nasionale Park end at dit 'n effek sal hê op vee getalle.	Die bekendstelling van 'navorsings program om uit te vind hoe populasie dinamieka van meso-predatore beloop binne in die grense van die voorgestelde Nasionale Park asook die impak van moontlike populasie groei veranderinge.  Om naburige grondeienaars by te staan met die bestuur van impak van probleem diere op kuddes.

<p>Produksie op Plase wat op risiko boer: Produksie van skape sal verminder as gevolg van 'n gebrek aan problem dier beheer.</p>	<p>Die bekendstelling van 'navorsings program om uit te vind hoe populasie dinamieka en groei van probleem diere sal beloop binne in die grense van die voorgestelde Nasional Park asook die impak van moontlike poulsaie groei veranderinge.</p>
<p>Korporatiewe Sosiale Belegging</p>	<p>Om deel te word van die plaaslike regerings dinamiek, spesifiek in terme van gesaamentlike regering wat verband hou met beplanning, operasionele bestuur en auditering van die Integreerde Ontwikkeling.</p> <p>Die bekendstelling en bestuur van wetenskaplik gebaseerde programme vir die omliggende skole in die gemeenskap.</p> <p>Die bekendstelling van omgewings opvoedkundige programme vir die omliggende skole in die distrik.</p> <p>Oorweeg toerisme aktiwiteite wat geskeduleer is rondom die beskikbaarheid van tye in die SARA0 skedule.</p>
<p>Werk skepping</p>	<p>Gebruik plaaslike gemeenskap vir die implementering van operationele vereistes binne die voorgestelde Park.</p> <p>Ontwerp Kort to Lang termyn werksgeleenthede binne die voorgestelde Nasional Park.</p>
<p>Toerisme: Toerisme was oorspronklik nie oorweeg nie. Daar is verwarring in term van toerisme en of toerisme toegelaat gaan word en hoe dit bedryf gaan word.</p>	<p>Voorsiening van gemeenskaps gebaseerde projekte vir die voordeel to die gemeenskap van kort tot lang termyn.</p> <p>Oorweeg toerisme aktiwiteite wat geskeduleer is rondom die beskikbaarheid van tye in die SKA skedule of wat nie impak op die operasionele SKA teleskope sal hê nie.</p>

## 5 SPESIALE EIENSKAPPE

Deel van die werkwinkels wat gehou was, was om die kennis van die plaaslike gemeenskap te bekom oor enige spesiale eienskappe van die area waar die Park geproklameer gaan word.

Tabel 2: Spesifieke eienskappe.

Spesiale Eienskappe van die Area	Omskrywings
“Kruie Fabriek”	Menigte van die plante wat in die area voorkom het medisinale waarde.
“Houtskool Fabriek”	Die uitheemse spesie beheer wat voorgestel word in die voorgestelde Nasionale Park kan geleentheid gee vir die produksie van houtskool wat ekonomiese waarde vir die omliggende gemeenskap sal hê as die gemeenskap kan deelneem.
Ou historiese geboue, klip mure en klip skaap kampe	Korbeel Huise wat in die voorgestelde Nasionale Park asook buite gevind kan word en op naburige plase.  ‘n Korbeel Huis roete was voorgestel as ‘n toeriste roete waar toeriste die kans het om van die korbeel huise te kan besigtig.  Ou grafte en begrafplase met erfenis waarde, ou historiese plaas geboue met erfenis waarde asook ou klip mure en krale.
Rots kuns	Die area is bekend vir rotskuns.
Prehistoriese toerusting	Areas in die omgewing was al geïdentifiseer waar argeologiese rots toerusting al gevind was.
Karoo Lam	Die Karoo lam is bekend as geurige vleis wat regoor die wêreld bekend is en wat mense geniet.
Voël paradys	Spesiale voëls wat uniek is aan die area soos die versamelvoël en spesifieke roofvoëls.
Karoo stilte	Die Karoo verskaf toeriste met stilte wat gesog is deur mense wat net weg wil kom van die stadsgejaag.  Die stilte van die Karoo kan goed kombineer met ‘n sterrelig of ope lug ervaring.





Oop skoon lug en naglig	Oop nag lug sonder enige stadsligte wat impak op sterre kyk kan hê.
Mense	Die mense van die area is uniek en vriendelik en sal toeriste verwelkom en area graag wil deel.
Pragtige landskappe	Mooi landskappe wat verander van een omgewing in die SKA na die volgende. Landskap eieenskappe is die volgende: koppies, plat oop landskappe, rots dagsome, sout panne, gras vlaktes, struikagtige areas, droeë areas, droeë rivier beddings, heuwelagtige areas.
Kultuur Historiese Erfenis	<p>Ou Koisan toerusting en gereedskap hope wat gevind was in die Brandvlei area.</p> <p>Plaaslike kuns wat kulturele kuns asook draadwerk (spesifiek draad windpompe) insluit. 'n voorstel was gemaak om die kunstenaars na die SKA antennes te neem sodat hulle die antennes kan besigtig om 'n idee te kry vir draad antenne beeltjies wat gemaak en verkoop kan word.</p> <p>Tipiese kulturele aspekte soos stories wat oor vertel word en danse soos die riel. Daar was 'n voostel dat as toerisme in die park toegelaat word vir sterrekyk togte moet dit gekombineer word met plaaslike kos, Nama dans of riel dans en storie vertellery.</p>

OPS\_002\_v002

## 6 SLOTSOM

‘n Spesifieke verslag was vir die individuele werkwinkels geskryf in verband met die inligting wat ontvang was in elke werkwinkel (verwys na opsommings tabelle in die aanhangsels). ‘n Geintegreerde verslag vir die publieke deelname proses wat gehou was dwars deur die streek en wat Williston, Brandvlei en Carnavorn insluit sal geskryf word om alle gesprekspunte te reflekteer. Alle inligting wat bevat word in die verslae sal gebruik word om die gewenste staat van die park in die Bestuurs Plan te reflekteer. Verder word die inligting in verband met spesiale eieenskappe, bestuurs uitdagings en die gewenste staat van die park gebruik om doelwit stelling in die beplannings proses te maak.

As die konsep plan geskryf is sal dit voorgelê word vir verdere publiek kommentaar. SANParke sal dan ook nog ‘n rondte van publieke deelname skeduleer rondom Oktober 2018 as die konsep plan klaar bekend gemaak is.

### VOORBERY DEUR:



#### **Christian Gerhardt**

Werkwinkel Fasiliteerder – NCC Environmental Services (Pty) Ltd

SANParke Beplannings Werkwinkel

M • 072 261 0301

E • christiang@ncc-group.co.za



# Attachment Nr 1: Comments Table from Williston Workshop held on the 24/4/2017

OFS\_002\_v002

SANParks gewenste staat werskwinkel: Williston			
Onderwerp gelig	Beskrywing	Bespreking deur SARAO en SANParke vir meer duidelikheid	Bestuurs implikasies vir SANParke in terme van die gewenste staat.
Kommunikasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die belanghebbendes het bekommering geopper dat nie al die nodige lede van die gemeenskap bewus gemaak was van die werkwinkel nie weens 'n gebrek aan kommunikasie.</li> <li>Aanduiding was ook gegee dat meeste van die boere in die omgewing meeste van die tyd nie toegang tot die internet het nie end at selfoon seine ook nie altyd beskikbaar is nie.</li> <li>'n Beroep was gemaak deur die belanghebbendes dat boodskappe verkieslik deur WhatsApp gestuur moet word, want boere kan daarop reageer sodra hulle die boodskap ontvang het as hulle by seën uitgekóm het.</li> </ul>	<p>SARAO se verteenwoordiger het die gemeenskaps verteenwoordigers daarop gewys dat alle kommunikasie en deelname plaasvind soos deur die wet voorgeskryf word en dat publieke deelname rekords aangehou word vir verwysing.</p>	<p>Verseker gereelde, konsekwente, duidelike en eerlike kommunikasie tussen SANParke, SARAO en belanghebbendes geskied.</p>
Problemasie van die Nasionale Park	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die belanghebbendes het aangedui dat dit blyk asof die Nasionale Park al klaar op besluit was sonder konsultasie met die plaaslike gemeenskap of hulle die park wil hê of nie.</li> <li>Die belanghebbendes het aangedui dat hulle 'n negatiewe gevoel het teenoor die problemasie van 'n Nasionale Park in die area end at 'n Park nie eintlik aanvaarbaar is nie.</li> </ul>	<p>SARAO het aangedui dat die besluit om SANParke te nader gebaseer was op die besluit van die Department van Omgewingsake om die GOBP goed te keur. Die GOBP stipuleer dat die land op 'n omgewings volhoubare manier bestuur moet word.</p> <p>SANParke het vir die deelnemers aangedui dat die werskwinkel net die begin is van 'n proses om 'n plan te skryf wat deel uitmaak van 'n aansoek tot die Minister van Omgewingsake om 'n ingeligte besluit oor die aanvaarding of verwerping van die voorgestelde problemasie te maak.</p>	<p>Om publieke deelname te hou deur die Nasionale Park beplannings fase vir die aansoek tot problemasie.</p>

<p>Grens heining</p>	<p>Die volgende vrae en bekommernisse was deur die deelnemers van die werkwinkel geopper in terme van die grensdraad wat rondom SKA gespan moet word:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Eieinaarskap van die heining: Belanghebbendes wou weet wie die eienaar van die heining gaan wees.</li> <li>• Bestuur van die heining: Belanghebbendes wou weet wie verantwoordelik gaan wees tussen SARAO en die naburige plaas eienaars vir die bestuur van die SKA grensheining. Wie gaan verantwoordelik wees vir heinings onderhouds onkoste en gaan naburige plaas eienaars ook finansiële moet opdoek vir onderhoud en skade?</li> <li>• Heining spesifikasie: Watter tipe heining gaan gespan word fdeur die voorgestelde Nasionale Park en sal die heining effektief wees om probleme diere uit naburige plase te hou?</li> </ul>	<p>SARAO het dit duidelik gemaak dat hulle die eienaar van die land is en dat SANParke genader was vir die omgewingsbestuur van die SKA area as 'n Nasionale Park.</p> <p>Fondes en onkoste sal deur SARAO behartig word en die Park sal befonds word deur SARAO.</p> <p>SARAO het aangedui dat daar 'n heining vergadering met die omliggende boere beplan is vir Mei 2018. Hierdie vergadering is spesifiek om alle uitdagings rondom die heining te bespreek.</p>	<p>Die konstruksie van die heining moet in konstante konsultasie met die naburige grond eienaars gehou word.</p> <p>Gerbuik plaaslike kennis en ondervinding met die spesifikasie en bou van die heining.</p> <p>Help met die bestuur en onderhoud van die heining om die beweging van probleem diere te beheer na naburige plase.</p>
<p>Tyd van eeindoms ontruiming to grens draad ten volle gespan is.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verlate Plase en onbestuurde grense: Die periode tussen die plase wat verlaat moet word op die 30ste Junie 2018 en die span van die SARAO/SANParke grensdraad was bevraagteken. Spesifiek rondom probleem dier beheer en kudde beskerming. "Wat is die onmiddellike plan met btrekking tot probleem dier beheer vanaf die 1ste Julie 2018?"</li> <li>• Kudde verlies op naburige plaseasook finansiële vergoeding vir verlies weens die gebrek aan heinings op verlate plase is 'n</li> </ul>	<p>SARAO het aangedui dat die heining nog nie gespan kon word nie weens die land eienaars nog op die plase is/was nie.</p> <p>Beplanning van die heining het egter al begin en heining spesifikasies was al bespreek met SANParke. Die voorstel sal dan na die naburige plaas eienaars geneem word vir verdere insette en deelname rondom die heining spesifikasie.</p>	<p>'n Tydsraamwerk vir konstruksie van die heining konstruksie en voltooiings datum moet deurgegee word in 'n projek bestuursplan wat beskikbaar sal wees aan die gemeenskap.</p> <p>Die konstruksie van die heining moet in konstante konsultasie met die naburige grond eienaars gehou word.</p> <p>Gerbuik plaaslike kennis en ondervinding met die spesifikasie en bou van die heining.</p>

	<p>bekommernis. “Wie sal die naburige produsente kompenseer as daar ‘n verhoging in vee verlies vanaf die 1<sup>st</sup> Julie to die nuwe heining klaar gespan is?</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoekom het SARAO nog nie met die span van die heining begin nie? Dit as hulle geweet het dat plase deur Junie sal ontruim word dat dit naburige plaas eienaars kwesbaar sal laat?</li> </ul>		<p>Help met die bestuur en onderhoud van die heining om die beweging van probleem diere te beheer na naburige plase.</p>
Probleem dier beheer	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vrae was gevra oor watter tipe diere in die Nasionale Park aangehou gaan word en of die Nasionale Park enige planne het om groter karnivore en sander wild in te voer.</li> <li>• Die verhoging van probleem diere getalle op verlate eiendomme gaan ‘n groot impak op naburige land eienaars hê.</li> <li>• Die sekuriteit van die naburige vee kuddes was bevraagteken in terme van die verhoging van probleem diere getalle na Park vestiging.</li> </ul>	<p>SARAO en SANParke het aangedui dat geen nuwe diere in die area bekend gestel gaan word nie.</p> <p>SARAO het aangedui dat ‘n probleem dier beheer navorsings program van stapel gestuur word en dat die navorsing antwoorde sal gee in terme van beheer maatreëls.</p>	<p>Die bekendstelling van ‘navorsings program om uit te vind hoe populasie dinamieka en groei van probleem diere sal beloop binne in die grense van die voorgestelde Nasionale Park asook die impak van moontlike populasie groei veranderinge op die omliggende omgewing.</p> <p>Om naburige grondeienaars by te staan met die bestuur van impak van probleem diere op kuddes.</p>
Navorsing in die area was nog nie genoeg nie.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Navorsing in die area was nog nie voldoende om te wys dat produseernde plase eintlik ‘n negatiewe impak op die omgewing het nie.</li> <li>• Navorsing was nog nie voldoende om te bewys dat die impak van roofdiere op plase deur plase self veroorsaak word nie. SARAO kan nie die gevolgtrekking maak dat probleem diere al bestaan end at die Park geen effek op getalle gaan hê nie.</li> </ul>	<p>SARAO het aangedui dat ‘n navorsings program vir probleem dier beheer van stapel gestuur word end at die navorsings data deel van ‘n beheer program sal word.</p>	<p>Die bekendstelling van ‘navorsings program om uit te vind hoe populasie dinamieka en groei van probleem diere sal beloop binne in die grense van die voorgestelde Nasionale Park asook die impak van moontlike populasie groei veranderinge op die omliggende omgewing.</p> <p>Om naburige grondeienaars by te staan met die bestuur van impak van probleem diere op kuddes.</p>
Sekuriteit van die Plaas eienaars	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die beskerming van naburige plase se inwoners was as ‘n bekommernis</li> </ul>	<p>Meer inligting is nodig van SARAO en SANParke.</p>	<p>SANParke moet saam werk met SAPD, naburige plaas eienaars en SARAO</p>

<p>wat rondom die beskermde area woon agtig is</p>	<p>uitgedruk. Die groot oop area en die lengte van die SKA grens word gesien as 'n aspek wat moeilik gaan wees om te beheer en word gesien as 'n hoë risiko vir omdat mense wat plaas anvalle kan uitdra maklik en ongemerk deur die area beweeg.</p>		<p>sekuriteit om ongewenste deurgang in die voorgestelde Park te beheer.</p>
<p>'n Bewarea eerder as 'n Nasionale Park.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die gemeenskap het die proses bevraagteken in terme van die konsulterings proses in terme van die proklemasie van die Nasionale Park. "Niemand het ons gevra of ons die Nasionale Park in die area wil hê nie".</li> <li>Die belanghebbendes het ook voorgestel dat die area wat as Nasionale Park geïdentifiseer was verander moet word na 'n bewarea. Dan sal daar groter belang wees asook 'n kans vir beter samewerking en mede-bestuur.</li> </ul>	<p>Die SANParke verteenwoordiger het die werkwinkel met 'n defenisie verskil tussen 'n bewarea en 'n Nasionale Park verskaf asook die rede vir die potensiële besluit vir die Park bo die bewarea.</p> <p>'n bewarea is 'n geregistreerde (by 'n plaaslike bewaring gesag) vrywillige vereniging tussen landgebruikers en eienaars wat samewerkend in 'n area hulle hulpbronne bestuur op 'n omgewings vriendelike manier sonder om die landsgebruik op hulle eiendomme noodwendig te verander.</p> <p>'n Nasionale Bewaarde Area is een eiendom wat deur 'n staats organisasie bestuur word.</p> <p>In terme van SKA se status as een land eienaar en die GOBP se vereistes vir 'n Area Bestuur Gesag vir die proklamasie van 'n Nasionale Park is die volgende logiese stap vir die Gesag om in lyn met die Nasionale Omgewings Bestuur: Bewarings Area Wet om Nasionale Park te skep.</p>	<p>SANParks moet mik daarna om in nou verband saam met die naburige grond eienaars te werk om bewaring te verbeter buite en die sekondêre effek op lands bestuur soos volhoubare ontwikkeling en boerdery in die area te versterk.</p>
<p>Volhoubare boerdery</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die gemeenskap het aangedui dat boerdery toegelaat moet word op so 'n manier dat dit volhoubaar is. Die heining van die voorgestelde Nasionale Park moet in so 'n manier bestuur word dat dit impak op vee getalle sal voorkom of versag wat sal help met volhoubare boerdery.</li> <li>Belanghebbende partye het daarop</li> </ul>	<p>Die doel van die Nasionale Park is om vir SARAO te help om die volgende te beskerm en te bestuur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Radio frekwensie integriteit;</li> <li>en omgewings integriteit soos bepaal deur die GOBP</li> </ul>	<p>Die voorgestelde Nasionale Park sal nie boerdery ondersteun binne in die Park gebied nie.</p>

	<p>gewys dat skape nie inmeng met die radio frekwensie van die SKA nie, so waarom kan boerdery nie in die area toegelaat word nie?</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>As 'n Nasionale Park geproklameer word is daar diere en menslike aktiwiteite wat verbind kan word met so 'n Park. Hoekom is daar nie 'n "stil boerdery" opsie wat toegelaat kan word nie?</li> </ul>	<p>SARAO het aangedui dat vee nie binne in die SKA gebied aangehou kan word nie, weens die risiko van aanspreeklikheid vir vee verlies. SARAO is nie bereid om aanspreeklikheid vir vee verlies te dra nie.</p>	
Belasting	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die belanghebbendes wou weet of die area wat nouas 'n Nasionale Park geproklameer gaan word van belasting vry gestel sal word weens koöperatiewe regering. Gaan die belastingslas op die skouer van die gemeenskap val?</li> </ul>	<p>SARAO het die gemeenskap ingelig dat die organisasie nog steeds belasting betaal en kan deur die munisipaliteit bevestig word. SARAO is bereid om met die Munisipaliteit vir 'n tarief te onderhandel as SANParke die grond bestuur oorneem.</p>	<p>Bestuurs implikasies op die gewenste staat is onduidelik en meer inligting is nodig.</p>
Deurgang	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die belanghebbendes van die werkswinkel het gevra of die beplande area darem deurgang sal voorsien, want as daar nie deurgang is nie sal dit reis tyd en afstand vermeerder.</li> </ul>	<p>SARAO het aangedui dat daar oorweging gegee word aan deurgang en dat sulke deurgangs paaie beheerpunte sal hê. Die gebruik van elektroniese gereedskap op die deurgangs paaie sal nie toegelaat word nie.</p>	<p>Toegangs beheer van lede van die publiek wat op deurgangs paaie in die Park gebied gaan ry sal streng beheer word deur SARAO</p> <p>Lede van die publiek wat deur die Park ry sal deur die Park bestuur word interme van impak op die omgewing.</p> <p>"Die Reëls van die Park" en van deurgang deur die Park moet aan die publiek verskaf word voor toelating in die Park by een van die beheer punte.</p>
Werk skepping	<ul style="list-style-type: none"> <li>Sal die Nasionale Park bydra tot werkskepping in die area?</li> </ul>	<p>SARAO het aangedui dat opleidings programme vir die gemeenskap geoormerk was om mense in sekere areas op te lei in terme van werks vereistes en ambagte.</p> <p>SARAO het verder aangedui dat daar nog meer werk in die toekoms gaan wees en is as volg</p>	<p>Gebruik plaaslike gemeenskap vir die implementering van operationele vereistes binne die voorgestelde Park.</p> <p>Ontwerp Kort to Lang termyn werksgeleenthede binne die voorgestelde Nasionale Park.</p>



		<p>geklasifiseer:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Die konstruksie van SKA infrastruktuur</li><li>• Operasionele onderhoud</li></ul> <p>SARAO en SANParke het verwys dat die Park sekere bestuurs programme gaan hê wat werkseleentheid kan skep en dat die moontlikhede ondersoek moet word.</p>	
--	--	--	--

# Attachment Nr 2: Comments Table from Brandvlei Workshop: 25/4/2017



SANParks gewenste staat werskwinkel: Brandvlei			
Onderwerp gelig	Beskrywing	Bespreking deur SARAO en SANParke vir meer duidelikheid	Bestuurs implikasies vir SANParke in terme van die gewenste staat.
